Arbeidsbediening
Industrial Ministry

IMSA
Industrial Ministry in South Africa
Cape Region

nuusbrief • 2018 • newsletter

Gered in die gevangenis; nuwe lewe danksy Arbeidsbediening

Danny Arendse se eerste Kersfees as Christen was in die gevangenis. Daar het hy 'Stille Nag' gehoor; sy ma het dit altyd gesing; ook geestelike liedjies wat sy pa gesing het.

Maar hoe het Danny se pad tot daar geloop?

Sy pa was 'n bouer en sy ma 'n diaken in die *Congregational* Kerk. Hy is een van agt kinders en die enigste wat by bendebedrywighede betrokke geraak het. Sy hele familie het in Bergstraat in Sentraal-Paarl gewoon, maar is in 1965/66 as gevolg van die Apartheidswetgewing gedwing om na Paarl-Oos te verskuif.

Danny het altyd 'n goeie verhouding met sy ma gehad; sy het nooit opgehou om vir hom te bid nie. Sy verhouding met sy pa was meer kompleks. Hy was 'n voorbeeldige seun wat skolasties goed op laerskool gevorder het en selfs die rugbykaptein van die A-span was.

Sy lewe begin egter in die hoërskool verander waar hy by 'n bende aansluit, onder andere as gevolg van sy opstand teen hul gedwonge verskuiwing. Op 16-jarige ouderdom gaan werk hy by KWV, slaap buite saam met sy bendevriende en beroof mense.

Op 17 beland Danny in 'n verbeteringskool en nog later in 'n strafhostel vir jeugdiges. Sy ouers kom haal hom nadat sy straf na 'n paar maande uitgedien is.

Terug by sy ouerhuis ag Danny homself toe as baie belangrik, aangesien hy hoog in die benderangordes gevorder het.

Nadat een van Danny se bendevriende egter sy oudste broer doodgesteek het en as tronkstraf na Pollsmoor is, sorg Danny dat hy op 21-jarige ouderdom ook daar beland; hy wou uitvind waarom sy broer vermoor is.

In 1982 beland Danny in die Victor Verster-gevangenis waar hy vir twee weke in maksimum-sekuriteit toegesluit is.

Danksy gevangenisbediening was dit ook die plek waar hy die Here se stem gehoor het: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te wees." (Joh 1:12). Die Anglikaanse priester wat die 400 gevangenes bedien het, het Danny in sy nuwe lewenskeuse ondersteun.

Danny moes egter nog 30 maande van sy vonnis uitdien en was nog saam met sy bendevriende in dieselfde sel. Hy was egter vasbeslote om sy lewe te verander en het 'n Bybel korrespondensie-kursus voltooi.

In 1987 het Danny by Langeberg in die Paarl werk gekry waar hy mnr Van der Merwe van Arbeidsbediening ontmoet het. Dit het sy hele lewe nuwe betekenis gegee – hy het later 'n hulpwerker geword en dien tans op Arbeidsbediening se bestuur. Hy het maandeliks ongeveer 800 kontakte met

Danny Arendse

werkers by ondernemings.

Danny is nou 62 en 'n gelukkige gesinsman. Van hul ses bendelede lewe nog net drie, en hulle het ook hul lewens vir Jesus Christus gegee.

Kontak Vera Blaauw
verablaauw47@gmail.com

Houtbaai Vissersgemeenskap-babas floreer tydens eerste 1 000 dae

Sandra Leeuwner met een van die babas

Dis nie net as vissermanne op see uitgaan dat hul families geaffekteer word nie, maar veral as hulle nie meer KAN of MAG visvang nie. Dit het 'n enorme negatiewe invloed op die gemeenskap.

Die resultaat hiervan is duidelik sigbaar in kleiner hawens, soos byvoorbeeld by Houtbaai. Armoede is aan die orde van die dag met oorweldigende uitdagings soos ondervoeding, geweld en verslawing.

Navorsing toon duidelik die negatiewe impak hiervan op 'n kind se ontwikkelende brein en gevolglik bestaan die moontlikheid dan ook dat hierdie kind as volwassene die alombekende siklus weer kan herhaal – die ystergreep van armoede word dus verder verstewig.

Sandra Leeuwner, pastorale werker van Biblia, Houtbaai, vertel: "Tydens ons weeklikse groepsessies met mammas uit die vissersgemeenskap fokus ons dus op voeding, liefde, sekuriteit en stimulasie as boustene tot die ontwikkeling van haar kind se volle potensiaal. Dit vind plaas in die belangrikste ontwikkelingsfase van die mens, naamlik die eerste 1000 dae van die kind se lewe.

"Maar dit is nie al nie," vertel Sandra. "Ons fokus nie net op die kindertjies nie, maar koester ook die mammas, want ons glo as hulle floreer, sal die kinders ook floreer.

"Hierdie kruis-kulturele ervaring bring 'n diepe deernis en begrip vir al die uitdagings van ma-wees in hierdie gemeenskappe. Dit maak mens veral hartseer as jy besef met hoe MIN mens werklik 'n GROOT verskil kan maak.

"Dit is wonderlik om te sien wat sommige vroue, ten spyte van al hul moeilike omstandighede, regkry! Mag Biblia altyd vir hulle 'n baken van hoop wees."

Kontak Sandra Leeuwner
sandra@worldatwork.net

Biblia's Marvin now Pastor in Kalk Bay

We are deeply thankful for Marvin Petersen who was inducted as the new pastor of the Kalk Bay Community Church (KBCC) on 28 January this year. We pray that God will bless him, his wife, Veronika and their little daughter, Rubina.

Marvin says, "During the past seven years at the Biblia Kiosk I worked closely with the Kalk Bay Community Church (KBCC) in ministering to the lost people in the community,"

"In 2014 the pastor of KBCC, Pastor Willem Conradie, asked me to join his church and to do my internship under his leadership. After I had been working alongside his leadership for three years as an intern, Pastor Willem considered to resign after 12 years of pastoral work to go into missions full-time. He and the committee approached me last August and asked if I would take on the call as the new pastor of the KBCC.

"The induction service was well attended and we were excited to have the support of the congregation, friends, family and former student colleagues.

"I was officially inducted as the new pastor of KBCC by Pastor Willem.

Fltr: Pastor Willem Conradie, Veronika, little Rubina and Marvin Petersen at the induction service.

After some encouraging verses, my wife and I were asked about our faith and commitment to the church and the pastoral call that we accepted. All present pastors came up and prayed for us.

"After the induction I preached about 1 John 4:7-12 on the topic of loving one another. What a joyous occasion this was for the beginning of our new ministry. We thank God for this open door at KBCC and pray that God may use us to His glory!"

Contact Marvin Petersen
marvinpetersen@ymail.com

EDITORIAL

If there is one thing we really struggle with it is the question: "Where is God in times of suffering?" During his time of suffering, Job never turned his back on God and he never confessed to any sin as the cause of his disasters. He just praised God. And why? Job did not serve God for his own benefit – he served, honoured and worshiped Him for his sovereign greatness. Only in and through Christ, who had to empty the cup of suffering to the last drop for the sake of our salvation, we can find the answers to the anxious questions and the riddles of life.

In this edition you will read about how life sometimes takes people on unexpected journeys (that do not necessarily coincide with what they had planned) and where Industrial Ministry's involvement helped these people to get answers to the resulting questions and riddles of life.

Industrial Ministry helps people to focus on the establishment of balance between the personal lives and work lives of employees and employers. The method that Industrial Ministry follows includes spiritual ministry as well as ministry through training interventions like the BrightStar programme (pg. 4).

People's personal circumstances influence their work life and they sometimes become trapped in the sadness of life and struggle to find meaning in it.

Industrial Ministry tries to really address this. Our services add value to the lives of individual employees, as well as the success of companies and organisations.

May this edition's stories and testimonies truly touch you and may you, like Job, continue to believe in God's sovereign greatness!

Carin Brink
Streeksbestuurder: Arbeidsbediening Wes-en Suid-Kaap
cbrink@kaapkerk.co.za

REDAKSIONEEL

As daar een ding is waarmee ons baie sukkel, is dit die vraag: "Waar is God in tye van lyding"? Job het in sy lyding nooit vir God vaarwel gesê nie, hy het ook geen sonde as oorsaak van sy rampe bely nie. Hy prys God net. En waarom? Job dien God nie om die voordeel nie – hy dien, vereer, aanbid Hom om sy soewereine grootheid. Slegs in en deur Christus, wat die beker van lyding ter wille van ons verlossing tot die laaste druppel moes ledig, is daar 'n antwoord op die angsbevange vrae en op die groot raaisels van die lewe.

In hierdie uitgawe lees jy hoe die lewe soms met mense vreemde paaie loop wat nie noodwendig so beplan is nie en waar Arbeidsbediening se betrokkenheid mense help om antwoorde op hierdie vrae en raaisels van die lewe te kry.

Arbeidsbediening help mense fokus op die vestiging van balans tussen die persoonlike lewe en werkslewe van werknemers en -gewers. Die metodiek wat Arbeidsbediening volg, is enersyds deur geestelike bediening by die werkplek en andersyds deur opleidingsintervensies, soos die BrightStar-program (bl. 4).

Mense se persoonlike lewensomstandighede beïnvloed ook hul werkslewe en mense raak soms vasgevang in die groot hartseer van die lewe en sukkel om sin daarin te kry.

Arbeidsbediening probeer dit daadwerklik aanspreek. Ons dienste voeg waarde toe tot die lewe van individuele werknemers asook die sukses van maatskappye en organisasies.

Mag hierdie uitgawe se stories en getuienisse jou aanraak en mag jy ook, soos Job, bly glo in God se soewereine grootheid!

Some of the staff members at Bester Transport where Landa Bester ministers once a month on a Friday morning.

The healing power of words ...

"I don't always go to church, but I listen to RSG and Landa. You get something, it gives you a feeling of calmness and it makes a difference in your life," says Jannie Senekal, one of the workers at Bester Transport in Vredenburg. "Landa's willingness encourages me. After everything she has been through she could have given up and felt sorry for herself, but that is not what we were placed on this earth to do."

Landa Bester, who lost her husband a few years ago, is responsible for the spiritual care of the employees at 28 businesses in town, as well as the employees in the various departments at Transnet and Saldanha Harbour. She is also involved with *Straatwerk*'s poppie project, Valuable for Jesus, with which she had already reached more than 7 000 children.

Landa feels strongly that, while we are alive, we have to do everything to sow good seed for Christ. Her zeal is contagious.

The following request was made the other day by one of the other workers at Bester Transport: "That woman, Landa, must pray for us. When things go wrong we know where our help comes from. From God."

Johan Botha from Bester Transport also says, "What she does makes a big difference. It is a seed in our hearts and each one of us is here with a purpose. If you take it away, there is a gap. Sometimes I wonder which way to turn, but then I think of Landa's example and I realise I do not have a reason to complain."

It is heart-warming to hear how Industrial Ministry helps to give people's lives new meaning in their places of work.

Contact Landa Bester
lanbester@vodamail.co.za

Stel belang in die mens voor jou ...

Willie Smit

Willie Smit, geestelike werker van Arbeidsbediening op Ceres, vertel hoe verbaas hy was toe hy onlangs deur 'n jong, swart vrou in haar dertigerjare, Yvonne, in pragtige Afrikaans gegroet is. Toe hy haar daarna vra, verduidelik sy dat sy Xhosasprekend is, maar in 'n Afrikaanse skool op Ceres was – vandaar haar goeie Afrikaans.

"Meneer moet 'n slag vir ons kom kerk hou," het Yvonne gevra (een van die ander vrywilligers bedien haar werksafdeling) en Willie kon gou agterkom dat sy nie eintlik die Here ken nie, maar meer wou weet.

Toe hy verder met haar gesels, het hy uitgevind sy gaan ook nie eintlik kerk toe nie, want volgens haar is dit vervelig. Willie vertel toe vir haar dat as sy graag vir Jesus wil ontmoet, sy erns moet maak om kerk toe te gaan en die Bybel moet begin lees.

En net daar nooi Willie haar hartlik uit om die volgende Sondag saam met hom en sy vrou na hulle kerk toe te kom; hulle sou haar gaan oplaai sodra sy laat weet of sy belangstel.

Nadat hy vir twee weke niks van haar gehoor het nie, loop hy haar een oggend op die werksperseel raak, borrelend van opwinding. Sy was nou al twee keer na haar kerk toe en sy geniet dit baie; die kerkgangers is baie gaaf!

Kort daarna, op 'n Maandagoggend, vertel sy vir Willie dat sy die Sondag die Here as haar Verlosser aangeneem het! Willie het dadelik vir haar 'n nuwe Afrikaanse Bybel (op haar versoek) gegee en die Here geloof.

Ja, mens wonder hoeveel geleenthede gaan verby waartydens ons nie net mense van Jesus kon vertel het nie, maar ook mense kon laat beleef het Wie Jesus regtig is.

Kontak Willie Smit
via mariette@dutoit.com

BrightStar presented to farm workers in Ceres

The popular BrightStar course was presented very successfully by Industrial Ministry at the farm, De Eiken, last year. Rev. Jannie Booysen acted as facilitator.

During this presentation 22 employees of De Kock *Boerdery*, including the production and workshop managers (who are, coincidentally, married), received training.

Lene November, involved with Industrial Ministry and assisting with the presentation of the course, gives us her impression: "The people felt good about themselves and their new insights, like their purpose here on earth and the rediscovery of their values. They are also positive in terms of applying what they have learned to their daily lives. They were very comfortable and satisfied with the way in which Rev. Booysen presented the course and expressed their appreciation to him. On the Sunday, during the service, the pastor congratulated those who completed the course and said that BrightStar is an absolute must.

Lene tells us more: "The owner, Wilhelm de Kock, sent a message to express his thanks and satisfaction with the course; he received very positive feedback from his employees. We, in turn, were very impressed with the way in which the owner interacts with his employees. They have a beautiful relationship. The owner is directly involved with his employees and the fact that he cares for them and respects them creates a very positive atmosphere on the farm.

Some of De Kock* Boerdery's *farm workers who did the BrightStar course

"If there are other farms who want to make this course available to their employees they must not hesitate to contact our regional manager, Carin Brink at cbrink@kaapkerk.co.za. People are very unsure of themselves and do not really know why they exist, but with the BrightStar course people obtain a deeper insight into their personal values and life's purpose. Jesus wants to restore people's dignity and with BrightStar we help people rediscover their own worth."

The BrightStar course will be presented to 22 more employees on the De Kock *Boerdery* farms later this year and Rev. Booysen will again act as facilitator. Please read more about BrightStart at http://imsacape.christians.co.za/bright-star-programme/

Contact Carin Brink
cbrink@kaapkerk.co.za

Helderbergkom se Groot Fondsinsameling

Die vrugtespan besig om pere te laai.
Vlnr: Christo Crous, Lourens Swart, Leon Marias, Jan van den Berg en Frans Cronje.

Helderbergkom se jaarlikse groot fondsinsameling ten bate van Arbeidsbediening was weer eens 'n GROOT sukses – danksy oop harte en vrywillige hande!

"Die mark het ongeveer 25 jaar gelede begin toe oorlede ds Bertus Viljoen en sy vrou met hul motor gaan vrugte haal het by boere wat saam met hom op universiteit was," vertel Frans Cronjé, een van Arbeidsbediening se vrywilligers. "Hulle het dan die vrugte kom verkoop met die doel om genoeg fondse te bekom om 'n permanente Arbeidsbedieningwerker aan te stel.

"Die pogings wat hulle begin het, het dermate uitgebrei dat ons tans met drie voertuie met sleepwaens na die plase gaan. Die vriende van destyds se kinders het intussen die boerderye oorgeneem en ondersteun ons nog al die jare. Wanneer ons bel, is daar nie 'n oomblik se huiwering nie, maar word ons uitgenooi om te kom haal wat beskikbaar sal wees.

"Hierdie jaar was weer eens nie 'n uitsondering nie, en ons is verras met die skenkings wat ten spyte van die droogte, aan ons gegee is. Daar was perskes, pere, tamaties, uie, aarbeie en natuurlik 'n groot hoeveelheid druiwe.

"Buiten hierdie groot geskenk bak die NGK Strand Moeder-gemeente vir ons pannekoek en skenk melktert, die NGK Suiderstrand se dames skenk vir ons koek, die NGK Lourensrivier se dames bak brood en beskuit en die NGK Strand-Noord se ds Leon Marais en lidmate help met die vervoer."

Wat 'n lekker span; dit wys jou net wat samewerking met die regte gesindheid alles kan vermag!

Kontak Frans Cronje
cfcronje43@gmail.com

Evangelist on Metropole trains inspires school children

Roy Stamper (centre back) with school children of Masiyile High School

Train evangelist, Roy Stamper, rehabilitated drug addict, gangster and prisoner, was miraculously changed by the abundant love of Jesus a few years ago. It is a privilege to know him and to see how he ministers to people on our trains in the Cape Town Metropole. He is an inspiration and a beacon of hope in Christ. (Read more about Roy's life story at http://bit.ly/2FA0zyn.)

As a result of God's grace, he also visits schools as a guest speaker. Here he endeavours to guide our youngsters to make healthy life choices. He recently visited Masiyile High School in Eyethu, Khayelitsha where he shared his inspiring life story with four different classes for 30 minutes each. It had a huge impact and many of them decided to change their lives.

Roy encouraged them to complete their Grade 12 and to avoid anything distracting their focus in building a bright future for themselves.

Roy also recently handed out food to 240 people (most of which were school children) in Masiphumelele, a township in Noordhoek.

May God bless your open hart, Roy!

Read more about Roy's work at http://bit.ly/2Iq8jRh. Schools can contact him to share his amazing story with the pupils.

Contact Carin Brink
cbrink@kaapkerk.co.za

BrightStar vir middelvlakbestuurders in George

Danksy mense wat omgee vir hul medemens, asook met die ondersteuning van Arbeidsbediening in George, vind lewensveranderende golwe in mense se lewens plaas en dit is besig om al wyer in die Suid-Kaap uit te kring.

Volgens George Kuyler van die plaas Platrug, word gesonde verhoudinge tussen werkgewer en werknemer drasties bevorder. Verder is daar 'n duidelike afname in alkoholmisbruik en die gepaardgaande rampspoedige gevolge.

BrightStar is onlangs as proeflopie aan die volle eerste-lyn bestuursgroep aangebied. Deur nie net die werknemer te betrek nie, maar ook haar/sy lewensmaat, vind drastiese verbeterings in gesinsverhoudinge plaas. "Die bewuswording van eie identiteit en hoe spesiaal ons elkeen werklik is, is verstommend!" getuig George.

By Anton le Roux Vervoer, het De Mist van Zijl die "Classic"-aanbieding van die *BrightStar*-kursus gedoen. Die reaksie en veranderinge in mense se lewens is merkwaardig! "Ek kan nou al my vinnige humeur beter beteuel," vertel een van die kursusgangers.

"Ek kon nooit mense in die oë kyk nie, maar *BrightStar* het my die selfvertroue gegee om dit te kan doen!" vertel 'n ander.

BrightStar is ook suksesvol deur ds Floors Meyer by Bethesda aangebied. Die eerste groep van 12 middelvlakbestuurders by Bethesda het onlangs ook hulle sertifikate ontvang. Hier vertel van die kursusgangers wat dit vir hulle beteken het: "Dis gewoon *amazing*!" en "Bright Star het my lewe gered." Nog een vertel: "Ek kon vir my ex 'n e-pos skryf waarin ek my vergifnis uitspreek – dit het my vry gemaak."

Ds Floors Meyer saam met die groep van Bethesda wat suksesvol die BrightStar-kursus voltooi het.

Van die Engelssprekendes het getuig: "We not only know our colleagues better, but walk with our heads held high, proclaiming: We are God's beloved children."

En 'n ander een sê: "Thanks for the journey of self-discovery you took us on."

Tydens dié geleentheid was daar diep emosies toe sommige lede getuig het van die emosionele en geestelike transformasie wat hulle beleef het.

BrightStar skep 'n platform vir selfontdekking, asook die gawe om die lewe se uitdagings beter te hanteer. Alle dank aan ons Hemelse Vader!

Kontak Adrinette Muller
arbeidsbediening.tuinroete@gmail.com

The Healing Power of Love and Caring

"I am completely overwhelmed; after my long absence the staff welcomed me back with hugs and showered me with the most beautiful wishes."

This is the testimony of Klaas Vlok (one of the spiritual workers in Oudtshoorn who has been active in the community for years) after he was diagnosed with cancer in the left side of his face last year.

It was a very difficult time in Klaas' life. He had to undergo radiation treatment for six weeks and had to go for follow-up appointments after that. "It is a terrible struggle that can easily discourage you," Klaas says.

André van Staden, also a volunteer at Industrial Ministry, tells of how their team decided to visit Klaas on the farm where he lives, as a way of supporting him during this difficult time. They ended up having their meeting there – the first time in history that they had their meeting on a farm!

The team continuously prayed for Klaas and thank the Lord that he has recovered sufficiently to resume his duties at Industrial Ministry this year (even though his eye has not yet fully recovered).

"My cup is filled with courage for the future," he says and quotes Ecclesiastes 11:1: "Cast your bread upon the waters, for after many days you will find it again."

Contact André van Staden
wes1@telkomsa.net

Klaas Vlok with Valerie Schlechter, one of the volunteers

Kaap Namakwa

Die kerk en sy lidmate speel 'n deurslaggewende rol in die dag-tot-dag gebeure van Arbeidsbediening se nuwe gekombineerde bediening en uiteik in Kaapstad en Namakwaland.

KAAPSTAD: Die afgelope jaar is gekenmerk deur die NG Groote Kerk Gemeente wat ruim kantoorspasie vir die aksie, Kaap Namakwa, beskikbaar gestel het om vanaf te werk. Hierdie vennootskap is ook onlangs verder uitgebrei deur Arbeidsbediening wat inskakel by ds. Riaan de Villiers se "Gebed en Meditasie"-tyd op Dinsdae en Donderdae vanaf 13:00 – 13:30. Ons nooi graag almal uit wat in die omgewing van die Groote Kerk werk, om te kom deel in hierdie kosbare tydjie van stilwees te midde van die stadsgewoel.

NAMAKWALAND: In skrille kontras met die pragtige historiese Groote Kerk-gebou, was Jaco en Sandra Leeuwner aangenaam verras toe hulle tydens hul verlof en verblyf op die plaas, Waterval, naby Vanrhynsdorp, toegang tot 'n ewe-eens pragtige klipkerkie gehad het. Johan en Marieta Smith is lidmate van die NG Kerk op Vanryhnsdorp en skroom nie om, nie net onder hul eie plaasarbeiders te werk nie, maar ook die plase rondom hulle uit te nooi na byeenkomste in die klipkerkie – arbeidsbediening in die ware sin van die Woord!

Dit is dan ook met groot vooruitsigte dat Arbeidsbediening beoog om later in 2018 die Smiths se fasiliteite te gebruik om hul lekker interaktiewe "Kom ons Gesels"-werkswinkel aan te bied. Dit sal dan terselfdertyd ook as voorbereiding van 'n 30-dae uitreik na Namakwaland dien.

Wil u inskakel of saam op die Namakwaland-uitreik gaan?
Kontak Jaco Leeuwner
jaco@worldatwork.net

Agter die sukses van enige besigheid, is daar ’n familie

Mense wil werk vir ’n besigheid wat lojaliteit en tradisie waardeer, wat hulle soos familie behandel. Dit word egter dikwels nie so ervaar nie; baie mense voel dat hulle net nog ’n rat in ’n groot masjien is. “Ek tel nie; ek word nie waardeer nie,” word dikwels gesê of gedink.

Die kernwaarde van ’n maatskappy is sy mense. Werknemers voel gewaardeerd en verstaan hoe hulle arbeid bydra om die maatskappy se visie en missie te volg as hulle gerespekteer en geestelik versorg word. Dit is hierdie elemente wat ’n ware sin van kameraadskap tussen werkgewer en werknemer skep. Wanneer die individu in die maatskappy glo, tree hulle dienooreenkomstig op.

Die Van der Merwe Vrugteplase is so ’n onderneming. Aan die einde van die jaar word ’n Kersfees-geleentheid vir al die plaasarbeiders en hul gesinne van al die plase gereël. Tydens hierdie geleentheid word daar dan erkenning en waardering aan die arbeiders vir hul bydrae tot die sukses van die besigheid gegee.

Johan Crous, geestelike werker van Wellington, vertel van nog ’n ‘familie’-ervaring: “Toe die besturende direkteur van Paarlvallei Bottelering my skakel om ’n gedenkdiens waar te neem vir ’n kollega wat gesterf het, was my onmiddellike ervaring dié van ’n familie wat omgee.

Die Van der Merwe Vrugteplase se Kersfeesgeleentheid vir hul plaasarbeiders.

“Paulus beskryf die liggaam van Christus as ’n FAMILIE : ‘As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly (1 Kor 12:26). ’n Familie wat ’n familielid wil kom eer, doen dit, want sy plek in die familie is leeg.”

Kontak Johan Crous:
crousjm@telkomsa.net

Industrial Ministry in Stilbaai/Jongensfontein ignites!

Christo Prins

Industrial Ministry Stilbaai started in 1995 as a result of Danie Rabe’s initiative and is currently being managed by Christo Prins. They minister to 18 meeting points and reach between 90 and 100 people.

Christo tells us, “We receive many testimonies from employers as well as employees regarding what the messages mean to them. Many feel that these meetings/gatherings are essential seeing as there is always conflict in any work environment. There are also many of the people whose circumstances make it impossible for them to attend a church service on Sundays and thus they really value these messages. We also receive many prayer requests.

“We always have a shortage of volunteers. Stilbaai is a rapidly growing town and more and more businesses are being established. Our goal is to double our number of meeting points in 2018. We have already entered into discussions with other churches (e.g. AFM, Baptist Church, United Church, our sister church: URCSA, etc.) so that we can work together to approach more businesses and pray for volunteers. We want to work together as a community to spread His Word. We are also planning an inter-church management of Industrial Ministry in Stilbaai.

“We simply sow the seed; the Lord provides the seed and lets it grow (2 Cor 9:10).”

Contact Christo Prins
christoprins208@gmail.com

Ja, ek wil baie graag ’n medewerker van Arbeidsbediening word.

Hier is my offer van R200 R100 R50 of R .....

Merk wat van toepassing is:

- Ek wil graag ’n bydrae maak van R_____
- Ek het ’n tjek gestuur na Arbeidsbediening, Privaatsak X8, Bellville, 7535
- Ek het ’n direkte deposito in Arbeidsbediening se rekening gemaak. Verwysing: Arbeidsbediening en naam van die tak (dorp).
- (Faks die inbetalingsbewys na 021 957 7181.)

FAKS (021 957 7181) of e-pos (cbrink@kaapkerk.co.za) asb u besonderhede.
My naam en adres: .....
.....
Tel: .....E-pos: .....

Bankbesonderhede:

Naam:	NG Kerk in SA (Getuienis)
Bank:	Nedbank
Takkode:	198-765
Rek. nr.	1135-900-353
U verwysing:	Noem saak van ondersteuning
Ons verwysing:	U naam en van

Mossel Bay brings the Light into hundreds of workplaces

"We have a group of about 35 passionate assistant workers who want to spread the Word to approximately 250 organisations from Grootbrakrivier to Danabaai," says Stephna Maree, administrative officer of Industrial Ministry in Mossel Bay. "We are also well supported by most of the organisations here and the employers welcome Industrial Ministry; they can see the difference it makes in their employees' lives.

"We also have a farm ministry that visits farming communities; many farm workers testify how this ministry has already changed their lives," says Stephna.

Mossel Bay's Industrial Ministry hosts an annual appreciation reception (with a guest speaker from the community) for their donors; without their financial support Industrial Ministry would not be able to impact the community to the same extent that they currently do.

The spiritual worker, Pierre Lamprecht, will also host a discipleship dinner for businessmen in June with the goal being to introduce Industrial Ministry Mossel Bay to more people/ organisations. They also organise an annual golf day in October that is very well supported by golf players and organisations.

The big news is that Chum Botha, one of their volunteers, also visits the Haven Night Shelter on a regular basis. He tells us, "After ministering at the Haven Night Shelter one evening, one of the men approached me for help. He told me that he murdered his wife and that he served 20 years in prison as a result.

"He wanted me to pray that he will get a job and I prayed with him there and then. A week later the man testified that 'your God' had provided him with a job!"

Johan Boshoff ministering to farm workers

We pray for this avid and enthusiastic team who also has a prayer group who meets every first Wednesday of the month to pray for all the businesses, the employees and Industrial Ministry's assistant workers.

Contact Stephna Maree
arbeidsbedieningmsb@gmail.com

Die hoogtepunt-dae in my lewe!

Die personeel van Tony's Slaghuis op Swellendam wat deur Arbeidsbediening bedien word.

"Ek dink die beste deel van die bediening is dat ek meestal die boodskap bring na mense wat 'anders' is as ek." So vertel Nicoleze Hayes, een van Arbeidsbediening se vrywilligers op Swellendam.

"Jesus het dikwels grense oorgesteek en die saam-wees, lag, dink en selfs soms huil, breek die evangelie van Jesus vir my oop," vertel sy verder.

Nicoleze bedien elke tweede Dinsdag en Woensdag die personeel van Tony's Slaghuis en die Poskantoor met die Woord en gebed. Dit maak 'n groot verskil in hierdie mense se lewens. Een van die werknemers, Nicolette, getuig: "Dit beteken vir my baie, want ek kry die Woord vir die dag!"

Sussie sê: "Dit is goed om te luister na die Woord; dit maak die dag lekker!"

Vir 'n ander vrou beteken die gebed vir 'n tikverslaafde so baie dat sy Nicoleze met betraande oë bedank.

Nicoleze vertel verder: "Deur die manier waarop ons mekaar as broers en susters in Christus ervaar in 'n wêreld waar ons so afgesonderd van mekaar leef, leer ek meer by hierdie mense as wat ek al by vele kampe en kerksessies beleef het! Dit is met 'n dankbare hart en vreugde dat ek deel is van Arbeidsbediening en my bediening is beslis 'hoogtepunt-dae' in my lewe!"

Kontak Blackie Swart
dps@telkomsa.net

'n Hartlike dank aan alle medewerkers van hierdie uitgawe. Ons bedank ook al ons donateurs wat ons werk so getrou ondersteun.
Lees meer van Arbeidsbediening by **http://imsacape.christians.co.za/**
en op ons facebook by **https://www.facebook.com/Arbeidsbediening**.
Kontak ons gerus by **cbrink@kaapkerk.co.za**
Arbeidsbediening, Privaatsak X8, BELLVILLE, 7535. Tel: 021 957 7153.

A warm thanks to all the contributors of this issue. We also thank all our donors who support our work so faithfully.
Read more about Industrial Ministry at **http://imsacape.christians.co.za/**
and at our Facebook at **https://www.facebook.com/Arbeidsbediening**.
Contact us at **cbrink@kaapkerk.co.za**
Arbeidsbediening, Private Bag X8, Bellville, 7535. Tel: 021 957 7153.